DIE MENSE VAN JAMESTOWN HET SO DIEP IN DIE KUNSTENAAR MARIÉ STANDER SE HART GEKRUIP DAT HUL MENSWEES IN HAAR KUNSWERKE LEWE KRY...

Die kuns van omgee

Pepsie met Clown Collar
- Houtskool op papier
1280mm x 1480mm

Die portret- en figuratiewe kunstenaar Marié Stander het op 'n warm dag in Februarie 1983 – as student onder leiding van die kunstenaar Paul Emsley – die eerste keer in haar lewe gevoel sy't "gearriveer".

"Ek het aan die Universiteit Stellenbosch beeldende kuns geswot," vertel sy. "Die dag toe ek by daai departement instap, hang daar toe die mooiste, groot portret wat Vernon Swart van 'n vriendin in 'n Arontrui geskilder het. Toe het ek net geweet..."

Emsley het haar aangemoedig om te spesialiseer in portretkuns, hoewel sy ander kunsvorms ook aangepak het, onder meer drukwerk en keramiek. Sy sê daardie jare was die beste leerskool. "Van almal in ons klas het ek die meeste met modelle gewerk en dít was vir my die lekkerste. Ek is so deur my dosente en klasmaats geïnspireer. Op 'n manier was die tyd in die Eikestad vir my 'n openbaring."

En só het haar kunsreis begin.

Haar mense, haar inspirasie

Vandag huldig Marié in haar kuns mense wie se stories sy kén. Dis die mense van die dorpie Jamestown, digby Stellenbosch. Sy en haar argitekman, Rick, het 18 jaar gelede 'n erf daar gesien wat hulle nie kon weerstaan nie. Hulle woon steeds daar; saam met hul tienerseuns, Simon en Lukas.

"Ons was van die heel eerste wit mense wat op Jamestown kom bly het," sê Marié. "En moet my nie verkeerd verstaan nie, sommige mense het gedink dit is 'n vreemde besluit."

Kleur was nog nooit vir haar 'n kwessie nie. In haar grootwordjare in George het sy en haar ses broers en susters saam met ander Suid-Afrikaners oor die kleur- en kultuurgrense heen grootgeword. "Hoe gaan ons dinge verander as ons nie meer geïntegreerd lewe nie? Hoe gaan ons mekaar verstaan as ons nie probeer nie?"

Toe sy en Rick in Jamestown aankom, het sy weer gevoel sy't "gearriveer". "Almal hier het ons met ope arms ontvang. Ons het so welkom gevoel," vertel sy. En vandaar die verhouding met en gevolglik die sketse van haar Jamestown-genote. "Ek ken die mense wat ek teken. Ek het al 'n pad met hulle geloop."

Een van dié mense was haar muse, Pepsie. "Hy (Pepsie) is in Oktober vanjaar oorlede. Hy't so 'n sielvolle, hartseer gesig gehad. Die laaste portret wat ek van hom gedoen het, was *Pepsie met harlequin collar* – ietwat van 'n melancholiese oomblik saam met hom. Ek kon nie genoeg daarvan kry om hom te teken nie. Die mense was mal oor die portrette van hom. Maar oor die jare kon ek sien hy word ouer; totdat hy eendag vir my gesê

Rooikappie
– Houtskool, droë pastelle en ink op papier
1560mm x 1360mm

"ONS WAS VAN DIE HEEL EERSTE WIT MENSE WAT OP JAMESTOWN KOM BLY HET. EN MOET MY NIE VERKEERD VERSTAAN NIE. SOMMIGE MENSE HET GEDINK DIT IS 'N VREEMDE BESLUIT."

het hy's nou klaar. Hy was so 'n *fragile* en pragtige karakter."

En is daar ander wat haar inspireer? "Omdat ek hier bly, is die mense van Jamestown my verwysingsveld, maar kunstenaars wat my inspireer, sluit Lucien Freud, Jenny Saville, Chuck Close en Matisse in," sê sy.

Skets én gedig

Haar lewensgrootte tekeninge word met 'n kombinasie van houtskool, ink en droë pastel geskep. Marié sê sy verkies houtskool as medium omdat dit "onmiddellik" is.

"Toe my seun Lukas 16 jaar terug gebore is, was my tyd in die ateljee maar min. Ek het geweet ek wou verf, maar ek was nie lus vir kwaste was nie! Met houtskool kan jy met 'n smeer van jou handpalm af al ver kom. Ek kon vinnig werk en voel ek het iets geskep. Ek hou daarvan om met my hande te werk en dié medium bied my ook die geleentheid om op lig en donker te konsentreer."

Haar versamelboek *Onse mense een*, wat in 2010 tydens 'n Woordfees-uitstalling in Stellenbosch bekend gestel is, bestaan uit 22 houtskooltekeninge van die mense van Jamestown; elk vergesel van 'n gedig deur 'n Suid-Afrikaanse digter. Dié houtskoolportrette spreek van noukeurigheid. Elke frons, elke tand en selfs die kabelsteke van 'n trui word gedetailleerd weergegee.

Marié vertel die idee vir die boek het ontstaan by die tentoonstelling *Wordart* in die Rust en Vrede-galery op dié Stellenbosse wynlandgoed waaraan sy ook deelgeneem het. "Ek moes 'n *visual* maak en die digter moes iets skryf. Die kurator van dié uitstalling, Monica Ross, het my baie gehelp om digters te nader om 'n gedig vir elke kunswerk te skryf. Van hulle het my gebel om 'n bietjie oor die karakter uit te vra; ander het net geskryf. En dit is vir my ongelooflik hoe goed baie van hulle die mense in my tekeninge beskryf het deur net na die skets te kyk."

Onse mense twee bestaan uit afdrukke van 26 van haar houtskoolsketse en word vergesel van gedigte deur onder andere Ronelda S. Kamfer en Bibi Slippers. Die boek is tydens die Woordfees in 2016 in Stellenbosch bekend gestel.

Marié bedryf al 16 jaar 'n kunsskool in Jamestown. In 2002 het sy en haar studente hul eerste kunsveiling ten bate van liefdadigheid gehou en deesdae is dié veiling 'n jaarlikse instelling op die wynlandgoed Muratie, buite Stellenbosch. Die opbrengs van die veiling word vir die opvoeding van minder bevoorregte kinders gebruik.



MARIE STANDER VOOR EEN VAN HAAR SKETSE, GETITELD *SNEEUWITJIE*

Die mense van Jamestown weet die Standers se tuinhekkie staan oop vir enigiemand wat hulp soek. "Soms is dit vir skoolklere; soms moet ons mense hospitaal toe vat," vertel Marié. "As ons kan, sal ons altyd help. Vir so lank as wat ons hier is."

DEUR FLORENCE DE VRIES